BRADFORD, HELEN, *A Taste of Freedom – The ICU in rural South Africa 1924-1930.* Johannesburg: Ravan Press. 1988. (364 pp).

Die werk is baie korrek saamgestel en die geskiedenis van die ICU tussen 1924 en 1930 is baie deeglik en korrek nagevors.

Hierdie D.Phil navorsing onder promotorskap van prof. Van Onselen en geadviseer deur historici soos Maureen Swan, Shula Marks e.a. val buite die "tradisionele" geskiedskrywing, wat natuurlik lei tot 'n meer vars, nuwe siening en vertolking van die Suid-Afrikaanse verlede.

Helen Bradford noem haarself 'n "ex-mathematician" wat volgens my opinie deeglik slaag as 'n sosiale historikus. Haar werk is voorsien van deeglike voetnote, bronnelys en 'n effektiewe indeks aan die einde.

Bradford slaag daarin om 'n deeglike rekonstruksie te maak van die toestande op Suid-Afrikaanse plase tussen 1920 en 1930 en lig veral die verhouding tussen plaasboer en swart arbeider deeglik uit. Sy slaag voorts daarin om te wys hoedat nuwe ideologieë die ideologie van die tradisionele stamhoofde vervang het en hoedat Sosialisme en Nasionalisme uiteindelik deurgewerk het tot in die plattelandse gebiede waar onder leiding van die ICU daar in Transvaal, Zoeloeland en die Transkei tussen 1926 en 1930 heelwat verset en versetbewegings ontstaan het. Bradford lig die problematiek van die ICU om met die SA-regering te onderhandel ook netjies uit en vat dit mooi saam as sy sê: *"It is no easy struggle for Freedom"*. Ek moet egter vermeld dat hierdie "struggle" soms baie eensydig hanteer word, maar die volwasse historikus sien dit oor.

Hierdie werk sal sekerlik nie by alle Suid-Afrikaanse lesers byval vind nie, maar vir die student wat bereid is om ook ander vertolkings van die S.A. historiografie te bestudeer, word Helen Bradford se werk sterk aanbeveel.

**C.J. DE KLERK**